VORM 3(4)

**STANDAARD VRAELYS:**

**PERSOONLIKE OPVATTINGS EN STANDPUNTE VAN VOLKSRAAD-KANDIDATE**

PERSOONLIKE OPVATTINGS EN STANDPUNTE

van

**André Visagie**

(volle voorname en familienaam van kandidaat)

1. Wat is u definisie van ons “volk” – wie is dit, wie is deel daarvan, en wie is nie?
**Kultuur bestaan uit geloof, verbal en nie-verbale kuns, gewoontes en leefwyses. Die Boerevolk bestaan uit diegene wat die Boerevolk se taal, land en kultuur koester, bevorder en beskerm. Dit sluit almal uit wat nie assimileerbaar is in volksgeledere nie.**

2. Boer, Afrikaner, Boere-Afrikaner - welke benaming gebruik u persoonlik om na ons volk te verwys, en hoekom?
**Die term “Boer” het gedurende die afgelope 50 jaar ‘n enger betekenis gekry, terwyl “Afrikaner”, volksvreemdes soos Allen Boesak en Eerwaarde Allen Hendricks begin insluit het. Ter wille van Boere wat nog nie weet dat hulle Boere is nie en nog dink dat hulle Afrikaners is, gebruik ek beide “Boer” en “Boere-Afrikaner” totdat die linkses hulleself in die opposisie geledere van die “Boere” gevestig het.**

3. Hoekom, dink u, het ons as volk tot stand gekom in Afrika - wat is volgens u die sin van ons bestaan op hierdie kontinent?
**Ons volk het ‘n goddelike roeping om die Christendom hier aan die Suidpunt van Afrika te vestig en te handhaaf te midde van fel volgehoue heidense aanslae.**

4. Hoe belangrik ag u as persoon die Verbond (oftewel “Gelofte”, soos sommiges daarna verwys) van 16 Desember 1838?
**Die 1838 Gelofte is die kern van ons volksbestaan, omdat ons God deur ons voorvaders se Gelofte, ons volk van uitwissing gered het.**

5. Wat behels dit, volgens u, om daardie Verbond na te kom; en wie almal is die mense wat dit moet nakom?
**Die nakoming van die Gelofte deur Boere, behels die volgende: Die herdenking van die dag en datum van die Slag van Bloedrivier. Om die dag te herdenk en te onderhou as ‘n Sabbat. Om die inhoud van die Gelofte aan ons kinders oor te vertel. Die instandhouding van die “huis” wat opgerig is. Om die roem en die eer van die oorwinning aan ons Skepper te gee.**

6. Behalwe die Verbond van 1838, is twee ander datums ter sprake in hierdie verband: 6 April 1654 en die gebeure by Paardekraal in Desember 1880. Wat (indien enigiets) is ons plig vandag volgens u, in die lig van 6 April 1654 en Desember 1880 se gebeure?
**Die gebeure van 1654 en 1880 moet deur ons volk herdenk word omdat dit ook Geloftes is.**

**Die Gelofte van 1880 en 1836 dien as bewys daarvoor dat ons volk met God onoorwinlik is, maar sonder Hom slegs neerlae sal lei soos wat bewys is in die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902.**

7. Nadat Transvaal en die Vrystaat as verloorders uit die Tweede Vryheidsoorlog getree het, het politieke partye ook in hierdie voormalige Republieke ontstaan. Wat is u standpunt rondom die sukses en wenslikheid al dan nie van 'n politieke stelsel gebaseer op politieke partye - vandag sowel as in die toekoms? (Motiveer).
**Die huidige politieke bestel in SA onderstreep die boosheid en verwerplikheid van party-politiek.**
**Daar moet toestemming gevra word om "volgens gewete" te stem, met ander woorde, 'n klein minderheid in 'n politieke party (koukus) beroof verteenwoordigers van die toepassing van hulle gewete in hulle werk.**

8. In 1948 het die Nasionale Party aan bewind gekom en die beleid van "Apartheid" gevolg. Dink u ons het vandag enige rede om spyt of skuldig te voel na aanleiding van daardie beleid? (Motiveer).
**Nee, die woord "Apartheid" is deur die internasionale engelssprekendes as "Apart hate" gesien, terwyl ons in SA tot vandag toe verskeie volkere het wat smag na selfbeskikking. Haat was geen faktor op enige tydstip nie. Soos Margareth Thatcher gesê het: "Let Brittain be Brittain and Spain be Spain", kan ons tot vandag toe in Suid-Afrika sê: "Laat Xhosas Xhosas wees, laat Zoeloes Zoeloes wees, laat Sotho's Sotho's wees en laat Boere Boere wees."**

9. In 1994 het ons alle politieke mag om oor onsself te regeer, verloor. Waarom het ons, volgens u, in hierdie posisie beland?
**Die hoofrede was die gebrek aan ruggraat by volksleiers, die beheer van die geldmag van die SA Regering, die invloed van Afrikaner liberaliste en teoloë in die regering en 'n apologetiese houding van die Regering jeens die Boer se velkleur.**

10. Verskaf 'n uiteensetting van u standpunte oor ekonomiese sake (byvoorbeeld die ekonomiese stelsel waaraan u voorkeur heg; u idees of, en indien wel hoe, verarmdes gehelp kan word; u standpunt oor "*affirmative action*"; oor volkseie sakekamers en u moontlike betrokkenheid daarby; oor volkseie bankwese; hoe u dink ons volksgenote op hierdie stadium hulle geldsake behoort te hanteer; en enige ander standpunte wat u mag huldig in ekonomiese verband).

**10.1 Skep werk vir verarmdes. As hulle nie wil werk nie, moet hulle kripeer.**

**10.2 Dit is niks anders nie as "kaffirmative action" om onbekwame lui werkers te akkomodeer deur aan hulle 'n pos te gee waar hulle geen werk hoef te doen nie, maar steeds 'n salaris ontvang.**

**10.3 Volkseie Sakekamers/banke is die enigste opheffings-instrument vir groei van nywerhede om aan verarmdes werksgeleenthede te verskaf.**

**10.4 Alle geld in SA staar vinnige waardevermindering in die gesig en alle beleggings in SA is futiel, omdat die afgrond wink vir die SA ekonomie. Belê in SA en verduur die depresiasie van jou geld se waarde in 'n kits.**

11. Wat is u standpunt oor die gebruik van volksvreemde arbeid – in die verlede, in die hede asook in 'n vrye toekomstige Republiek?
**Die arbeider is sy loon waardig. Volkseie arbeid geniet voorkeur. In die verlede het alle werkers hulle loon ontvang vir wat hulle gedoen het en hulle het geen aanspraak meer op die geboue wat hulle help bou nie.**

**In 'n vrye Republiek kan volksvreemde arbeid gebruik word deur van "buitelandse volkere" wat OP 'N TYDELIKE GRONDSLAG vir die tydperk wat sy permit hom toelaat te werk. Hul moet onder beheer werk verrig, totdat volkseie arbeid bekom kan word.**

12. Verskaf 'n uiteensetting van u standpunte oor sosio-maatskaplike sake (byvoorbeeld, wat u siening van huidige omstandighede- en u strewes vir die toekoms is in verband met die volkshuishouding in gesins- en ander verbande; en enige ander standpunte wat u mag huldig in sosiaal-maatskaplike opsig).
**(Sosiaal-maatskaplik = toutologie?) soos alle gebrek aan kommunikasie lei tot die agteruitgang van verhoudings, geld dit ook ten opsigte van die verhouding tussen God en Sy kinders, vriendskapsverhoudings, liefdesverhoudings en ook beslis ten opsigte van gesinsbande.**

**Die TV het gesinsbande kom verbreek en slegs doelbewuste en beplande tydperke wat eenkant gesit is vir gesinstyd, kan dit herstel. Gesinsbande moet herbou en uitgebou word. Dit is van kardinale belang vir gesonde volksbestaan.**

13. Wat is u godsdienstige oortuigings?
**Konserwatief Christelik. Kennis van die Bybel is kennis van God. Bybelstudie moet meer by wyse van 'n Bybelboek op 'n slag gedoen word eerder as deur net een perikoop of self net 'n vers op 'n keer te lees.**

14. Die proses en besluit insake die ligging van die onafhanklike Republiek waarheen ons op pad is, word reeds uitgespel in die dokument tot Aanvaarding van u nominasie: Vorm 3(2). Waar, in terme van u *persoonlike voorkeur*, sou die grense getrek word van die onafhanklike staat wat ons nastreef? (Motiveer). Hoe, dink u, sal ons volksvreemde besetting (indien wel) in so 'n staat moet hanteer?
**"Wie is die Afrikaner?" en "Waar is die grense van die Volkstaat?", is twee van die mees gewilde vrae waarmee die**

**staat se intelligensiepersoneel verdeeldheid gesprekke saai en vergaderings torpedeer.**
**Die Boere se grense is waar die boere op hulle grond woonplaas of agterplaas. Bophuthatswana het uit verskeie dele bestaan en is suksesvol geregeer – net so kan 'n onafhanklike staat op verskeie dele ook regeer word.**

15. Wat is u visie vir ons volk in 'n vrye en onafhanklike staat; wat is u ideale (op nasionale en internasionale gebied) vir so 'n staat; en wat behoort Regeringsbeleid in so 'n staat te wees? U kan alle of slegs sekere terreine hanteer, na goeddunke. (Sien ook Vrae 16, 17 en 18 hieronder).
**Visie: die daarstelling van 'n territoriale gebied waarin Boere (soos omskryf in par. 2 supra) kan gedy).**
**Ideale: die uitbou van 'n staat sonder 'n "gravy train" en sonder passassiers wat nie bereid is om te werk vir hulle geld nie.**
**Regerings-beleid: soos wat SA tussen Republiekwording en die moord op dr. Verwoerd regeer is, sonder die meulsteen van ander volkere om die Boer se nek.**

16. Dui aan of Afrikaans, wat u betref, die enigste amptelike taal in so 'n staat sal wees.
**Nee, om Engels uit te skakel is 'n dwase wyse om jouself uit die internasionale gemeenskap te rangeer.**

17. Dui ook aan of daar godsdiensvryheid, wat u betref, in so 'n staat sal wees. Hoe sal moontlike ateïsme, of mense met gelowe wat op iets anders as die Bybel gegrond is, op individuele basis hanteer word? Sal diesulkes - wat u betref – op groepsbasis toegelaat word om hulle eie moskees, tempels of dergelike op te rig? Wat sal, wat u betref, staatsbeleid moet wees oor sake soos dobbelary; aborsie; pornografie; homoseksualisme; en professionele sport- en besigheid op die Sabbat?
**Geen godsdiensvryheid om heidene te akkommodeer nie. Reg of weg. Geen moskees en tempels. Net Christene. Geen dobbelary, aborsie, pornografie en homoseksualisme nie. Geen sport of besigheid op die Sabbat (wat Saterdae is) nie.**

18. Verskaf u standpunte oor wat die hantering van misdadigers in so 'n staat behoort te wees, onder andere u siening rondom die doodstraf.
**Misdadigers: Bring dwangarbeid terug en bring die doodstraf terug vir omstandighede en misdade wat dit verdien.**

19. Sal volksgenote wat van hierdie Volksraad-verkiesing geweet het, maar nie daaraan- óf die verdere proses wat dit behels, deelgeneem het nie, welkom wees (wat u betref) in die vrye Republiek waarvoor ons werk? (Motiveer).
**Geen sambreel-siening kan geformuleer word nie en elke geval behoort op meriete hanteer te word.**

20. Wat is u houding oor die belangrikheid van sport tans in ons volk; wat die belang van sport in ‘n eie staat behoort te wees, en enige ander opmerkings in sport-verband?
**Sport het ‘n afgod geword vir ons Boerevolk in ons land. Sport is goed selfs op professionele vlak, maar dit moet nie op die Sabbat as professie beoefen word nie. Numeri 15.**

21. Wat is u persoonlike opvattings en ideale rondom onderwys, asook tegnologiese- en nywerheidsontwikkeling?
**Onderwys: Moedertaal onderrig (Christelik nasionaal) moet op primêre, sekondêre en tersiêre vlak voorsien word.**
**Tegnologiese en nywerheidsontwikkeling is van kardinale belang en moet sover moontlik gesteun en bevorder word.**

22. Wat is u persoonlike opvattings en ideale rondom landbou, omgewingsake, die natuur en besoedeling?
**Hou God se skepping in stand, dan sal Hy ook ons volk in stand hou.**
**Ekologiese vernietiging sal onafwendbaar lei tot die vernietiging van die natuur as voedselbron vir die volk.**
**Die heraldiese wapen van die ZAR is goed, maar moet vernuwe word.**
**Die ZAR en OVS se volksliedere kan ook as raamwerk dien vir ‘n nuwe eietydse volkslied.**

23. Wat is u persoonlike keuses en ideale rondom volksimbole soos vlae? Wat is u voorstel vir ‘n volkslied in ‘n eie staat?
**Die heraldiese wapen van die ZAR is goed, maar moet vernuwe word.**
**Die ZAR en OVS se volksliedere kan ook as raamwerk dien vir ‘n nuwe eietydse volkslied.**

24. Wat kan en -moet ons mense wat strewe na ‘n onafhanklike staat, nou reeds doen om te werk na ons ideaal?
    1. **Berei voor deur noue skakeling (groep kohesie) tussen volksgenote te bewerkstellig.**
    2. **Behou skakeling met die Buiteland en brei dit uit.**
    3. **Hou volkswaardes in stand soos kultuurgoedere en veral gesamentlike massa godsdiens oefeninge.**
    4. **Doen wat gedoen moet word.**

25. Enige ander op- of aanmerking rondom u persoonlike opvattings en standpunte, wat u meen belangrik of relevant is in verband met u kandidatuur in die Volksraad-verkiesing?
**Ons volk is verstrooi en verdeeld. Samevoeging van die volk in ‘n eendragtige massa, gaan nie vanself gebeur terwyl ons slaap nie. Die Volksraad moet daarvoor verantwoordelikheid neem en konstruktiewe stappe loods om dit te bewerkstellig, al is dit hoe moeilik.**

**Die afbakening van die Volksraad se mandaat is goed, in die sin dat dit die Volksraad se aandag op die mandaat toegespits word, maar vele belangrike take kan nie goedsmoeds eenkant geskuif word suiwer net omdat dit buitekant die mandaat van die Volksraad val nie. ‘n Wyer spektrum van take moet deur die Volksraad onderneem word, selfs al sou dit beteken dat die Volksraadslede meer gemaak, en in getal uitgebrei moet word.**

DIE OORSPRONKLIKE HIERVAN IS GETEKEN TE ………………...........................
(PLEK)

OP DIE ……… DAG VAN DIE MAAND ……..…………………………...
IN DIE JAAR 2018.

………………………………………..
Geteken:………………………………….. (volle name en familienaam)

AS GETUIES:

1……………………………………………..
Geteken:………………………………….. (volle name en familienaam)

2 ……………………………………………..
Geteken:………………………………….. (volle name en familienaam)